



VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

Dr Le Roux van der Westhuizen
Voorsitter: Institusionele Forum

DIE INSTITUSIONELE FORUM (IF) IS 'N ADVIESLIGGAAM WAT, INGEVOLGE DIE WET OP HOËR ONDERWYS (ART. 31(1) VAN WET 101 VAN 1997), DIE RAAD VAN ADVIES DIEN OOR BELEIDSAANGELEENTHEDE, INBEGREPE DIE TOEPASSING VAN DIE BOGENOEMDE WET EN DIE NASIONALE BELEID OP HOËR ONDERWYS.

Die bedrywighede van die IF bestaan uit sowel vergaderings waar advies aan die Universiteitsraad oorweeg word as gespreksgeleenthede tussen die uitvoerende komitee van die IF en die bestuurspan van die Universiteit. Die IF se lede word ingedeel in drie taakgroepe, naamlik Diversiteit en Billikheid, Institusionele Beplanning en Institusionele Kultuur. Die taakgroepe ondersoek die sake wat aan hulle toegewys word en doen dan verslag aan die IF.

SAMESTELLING

Die Institusionele Forum bestaan uit agt-en-twintig lede, sewe elk uit die volgende vier groeperinge: die beheer- en bestuurssektor, die personeelsektor, die studentesektor en die gemeenskapsektor.

Die prosedure vir die verkiesing van IF-lede is in die huidige termyn aangepas sodat universiteitspersoneel oor 'n breë front kon deelneem aan die verkiesing van lede vir die nuwe IF-termyn.

WERKSAAMHEDE

In die verslagjaar het die IF eerstens oor enkele sake advies gelever in die vorm van formele rapporte aan die Universiteitsraad oor voorgestelde beleide en die aanstelling van 'n viserektor en 'n dekaan.

VOORGESTELDE BELEIDE

Die IF het die voorgestelde beleid, Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch, bestudeer en dit goedgekeur, alhoewel 'n paar wysigings vir oorweging voorgestel is.

Die voorgestelde beleid, Beleid vir Bepaling van Volkoste vir Navorsing en Navorsingsverwante Kontrakte, is ook deur die IF bestudeer en sonder wysigings goedgekeur.

AANSTELLING VAN DIE VISEREKTOR: GEMEENSKAPSINTERAKSIE EN PERSONEEL EN DIE DEKAAN VAN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE

Die IF het, in ooreenstemming met die Universiteit se Reglement insake Prosedure by die Aanstelling van 'n Rektor en van Viserektore en sy Reglement insake die Aanstelling van Voltydse Dekane, verteenwoordigers aangewys wat deelgeneem het aan die proses om die aanstelbaarheid van die betrokke kandidate te oorweeg en 'n voorkeurkandidaat vir elke pos aan te wys.

Tweedens is dit die rol van die IF om as kritiese gespreksgenoot van die bestuur van die Universiteit bepaalde sake te ondersoek wat met die IF se opdrag verband hou en daarop kommentaar te lewer. In die lig van hierdie rol is 'n diepgaande gesprek met die Rektor oor die voorstelle vir die Universiteit Stellenbosch se Visie 2015 gevoer.

'N AANTAL KUNDIGE PERSONE IS GENOOI OM DIE IF OOR BEPAALDE ASPEKTE TOE TE LIG:

- Prof Jan Botha (Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning) en me Junay Adams (Assistentdirekteur: Gehalteversekering) het 'n aanbieding gedoen oor die vordering met die Universiteit se Gehaltebevorderingsplan in antwoord op die institusionele oudit in 2005 van die Raad op Hoër Onderwys se Gehaltekomitee.
- Mnr Jerome Slamat (Direkteur: Gemeenskapsinteraksie) het met die IF-lede in gesprek getree oor die memorandum van verstandhouding wat opgestel is tussen die Rektor van die Universiteit en die Burgemeester van Stellenbosch.
- Prof Gerhard Lubbe (Dekaan van die Regsfakulteit) het die IF ingelig oor die oorwegings wat geld by die voorgestelde wysiging van die Statuut van die US.
- Dr Ludolph Botha (Senior Direkteur: Akademiese Steun) en mnr Pieter Kloppers (Bestuurder: Studentehuisvesting) het die voorstelle van die Taakspan vir die Bevordering van die Integrasie van PSO-studente in Leer- en Leefgemeenskappe aan die IF voorgehou.

Laastens het twee lede die IF in die Taalkomitee en die Bekendstelling en Monitoringswerkgroep verteenwoordig en gereeld aan die IF verslag gedoen oor die werksaamhede van die betrokke komitees.

TEN SLOTTE

Die IF het in 2009 gepoog om 'n forum te wees waar sake wat verband hou met die opdrag van die IF, bespreek kan word. Die voorsitter het deelgeneem aan 'n nasionale gespreksgeleentheid aangaande die Verslag oor die Onderzoek na Institusionele Forums wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gedoen is. Die Verslag van die Ministeriële Komitee aangaande Transformasie en Sosiale Kohesie aan Hoëronderwysinrigtings is aan die IF-lede versprei.

Die IF kon 'n sinvolle bydrae maak tot verskeie gesprekke wat verband hou met die funksionering van die US binne die betrokke wetgewende raamwerk. Enige persoon word uitgenooi om sake wat te make het met beleid, kultuur of beplanning aan die US, onder die IF se aandag te bring vir bespreking.



Dr Le Roux van der Westhuizen

